NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2021

DRAMATIESE KUNSTE

Tyd: 3 uur 150 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Die vraestel is in twee afdelings verdeel. Jy moet **ALBEI** afdelings beantwoord:

   AFDELING A: DRAMAS EN OPVOERING IN KONTEKS
   Vraag 1: ***The Caucasian Chalk Circle*** **– Bertolt Brecht**
   Vraag 2: **Suid-Afrikaanse Teater – EEN van die volgende dramas moet gekies word:**

   - ***Sizwe Banzi is Dead*** **– Fugard, Kani, Ntshona**
   - ***The Island*** **– Fugard, Kani, Ntshona**
   - ***My Life*** **– Fugard en Cast**

   AFDELING B: OPSTEL
   Vraag 3

3. Nommer jou antwoorde PRESIES soos die vrae in die vraestel genommer is.

4. Gebruik die puntetoekenning per vraag as 'n riglyn vir die hoeveelheid detail en nougesetheid wat in die antwoord verlang word.

5. Onafhanklike, kreatiewe denke en die toepassing van kennis sal tot jou voordeel wees.

6. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en netjies te werk.

IEB Copyright © 2021

AFDELING A DRAMAS EN OPVOERING IN KONTEKS

VRAAG 1 *THE CAUCASIAN CHALK CIRCLE* – BERTOLT BRECHT

Lees die volgende uittreksel uit *The Caucasian Chalk Circle* en beantwoord dan Vraag 1.1 en Vraag 1.2.

THE MONK:	Dear wedding guests and mourners. We stand deeply moved and in front of a bed and death and marriage, because the bride gets into bed and the groom into the grave. The groom is already washed and the bride is already hot. For in the marriage bed lies the last will, and that makes people randy. Oh, my children, how varied is the fate of man! The one dies to get a roof over his head and the other marries so that the flesh may be turned to dust, from which it was made. Amen.
THE MOTHER IN LAW:	He's got his own back. I shouldn't have hired such a cheap one. That's what you'd expect. An expensive one knows how to behave. In Sura there's one who is even in the odour of sanctity; but of course he charges a fortune. A fifty piastre priest like this here has no dignity. And as for piety, he has precisely fifty piastres worth, and no more. And when I fetched him from the tavern he was just finishing a speech and shouting: "The war is over, beware of the peace!" We must go in.
GRUSHA:	(*giving Michael a cake)* Eat this cake and be a good boy, Michael. We are respectable now.
The two women carry the trays of cakes to the guests. The dying man is sitting up in bed; he puts his head out from under the mosquito-net and watches the two women. Then he sinks back again. The monk takes two bottles from his cassock and offers them to the peasants beside him. Enter three musicians, to whom the monk waves with a grin.	
THE MOTHER-IN-LAW:	*(to the musicians)* What have you got out instruments for?
MUSICIAN:	Brother Anastasius here *(pointing at the monk)* told us there was a wedding going on.
THE MOTHER-IN-LAW:	What! You brought them! Three more on my neck! Don't you know there's a dying man next door!
THE MONK:	That's tempting for an artist. They could play a hushed Wedding March or a gay Funeral Dance.
THE MOTHER-IN-LAW:	Well, you might as well play. I can't stop you eating, in any case.

IEB Copyright © 2021

THE PEASANT: *beside The Monk, singing:*
When pretty Miss Plushbottom wed
A rich man with no teeth in his head
They enquired, "Is it fun?"
She replied, "No it's none
Still there's candles and soon he'll be dead."

The mother-in-law throws the drunken man out. The music stops. The guests are embarrassed. Pause.

[Bron aangepas: Toneel 4: "In The Northern Mountains", The Caucasian Chalk Circle (Metheun Student Edition) (bladsy 31). Uit die Duits vertaal deur James en Tania Stern]

1.1 TONEELONTLEDING en TERMINOLOGIE

1.1.1 Verskaf kort definisies van DRIE van die volgende terme:

- epiese teater
- Gestus
- Spass
- historifikasie (9)

1.1.2 Verduidelik waarom Grusha voorberei om met Jussup te trou. (2)

1.1.3 Grusha het voor baie uitdagings ten opsigte van Michael te staan gekom voor hierdie toneel. Beskryf TWEE van hierdie uitdagings. (4)

1.1.4 Bespreek jou begrip van waarom Brecht die toneel waaruit die uittreksel geneem is, in sy drama ingesluit het. (4)

1.1.5 Identifiseer EEN aspek van die samelewing wat Brecht in die uittreksel kritiseer en verduidelik waarom hy meen hierdie kwessie is belangrik. (4)

1.1.6 Definieer die term *Verfremdungseffekt*. (3)

1.1.7 Kies 'n voorbeeld van *Verfremdungseffekt* wat in die uittreksel voorkom.

Verduidelik hoe dit Brecht se bedoelings as dramaturg ondersteun. (5)

1.2 ENSCENERING

1.2.1 **Verbeel jou jy regisseer 'n produksie van *The Caucasian Chalk Circle.***

Die opvoerder wil hê jy moet die proloog uitlaat, aangesien hy meen dit is vervelig en irrelevant.

Jy stem nie saam nie.

Verduidelik waarom jy meen dit is noodsaaklik om die proloog in jou produksie in te sluit in terme van jou begrip van Brecht se bedoelings. (5)

IEB Copyright © 2021

1.2.2 Bestudeer die foto hieronder en verduidelik hoe dit as tipies van die Brecht-ensceneringstyl beskou kan word.



[Bron: <https://mumbletheatre.net/2015/02/23/the-caucasian-chalk-circle/>] (4)

1.3 GEHOOR SE REAKSIE

Beskou die uittreksel hieronder:

> **"It's our job to entertain. Your job to draw conclusions."**
>
> **(The Singer in die proloog van *The Caucasian Chalk Circle*)**

Die uittreksel weerspieël Brecht se kernbedoeling as dramaturg.

Skryf 'n mini-opstel van een bladsy (ongeveer 300 woorde) waarin jy verduidelik waarom Brecht meen dit is belangrik vir die gehoor om persoonlike keuses te maak en persoonlike besluite te neem wanneer hulle na sy dramas kyk.

Gebruik spesifieke tonele waar die gehoor gevolgtrekkings moet maak om jou antwoord te ondersteun. (15)

[55]

IEB Copyright © 2021

VRAAG 2 SUID-AFRIKAANSE TEATER

In hierdie vraag moet jy na EEN van die volgende dramas verwys:

- ***Sizwe Banzi is Dead***
- ***The Island***
- ***My Life***

Skryf die titel van die drama wat jy bestudeer het neer voor jy Vraag 2 beantwoord.

2.1 ARM TEATER

2.1.1 Verskaf 'n bondige verduideliking van die term *arm teater*. (5)

2.1.2 Grotowski gebruik die term *heilige akteur*.

(a) Verduidelik jou begrip van hierdie term. (5)

(b) Kies 'n oomblik uit die drama wat jy bestudeer het wat jy meen as 'n toepaslike voorbeeld uitstaan om jou verduideliking in (a) hierbo te ondersteun en sluit die volgende in:

- 'n akkurate beskrywing van jou gekose oomblik
- 'n verduideliking van HOE en WAAROM jou keuse jou verduideliking in (a) hierbo ondersteun (8)

2.2 ENSCENERING

Verbeel jou jy regisseer die drama wat jy vanjaar bestudeer het.

2.2.1 Jy moet in die plaaslike koerant vir akteurs adverteer. Ontwerp die advertensie en sluit die stem- en fisieke vaardighede in wat die akteurs by die oudisie sal moet demonstreer. Regverdig jou keuse van vaardighede met spesifieke voorbeelde uit die drama wat jy bestudeer het. (8)

2.2.2 Verduidelik en regverdig watter tipe akteur/gehoor-verhouding jy graag vir jou produksie sal wil skep. (6)


2.2.3 Beskou die plakkaat op die volgende bladsy wat van toepassing is op die drama wat jy vanjaar bestudeer het.

Bespreek of jy meen die plakkaat beklemtoon en verbind ons met die kerntemas van die drama of nie.

Ondersteun jou bespreking met 'n goeie verduideliking en relevante voorbeelde. (8)


IEB Copyright © 2021

BRON A



[Bron: <www.google.co.za/search?q=posters+of+my+life+by+athol+fugard&safe>]

BRON B



[Bron: <https://www.gauteng.net/blog/sizwe_banzi_is_alive_and_well_and_living_at_the_market_theatre>]

BRON C



[Bron: <http://kairosschool.co.za/the-island-a-school-fundraiser/>]

IEB Copyright © 2021

2.3 **Lees die toepaslike uittreksel hieronder wat kom uit die drama wat jy bestudeer het.**

Riana in *My Life*

> ***"I'm a survivor. I've survived living in Eldorado Park, eating pap, being labelled a Bushie, a Hotnot, a Kapie, and I will survive it. All of it."***

Buntu in *Sizwe Banzi is Dead*

> ***"How long? For as long as you can stay out of trouble. Trouble will mean police station, then fingerprints off to Pretoria to check on previous convictions … and when they do that … Sizwe Banzi will live again and you will have had it."***

Winston in *The Island*

> ***"Nyana we Sizwe.***
> ***Nyana we Sizwe … it's all over now … All over.***
> ***Forgive me.***
> ***No John, forget me because I'm going to forget you. Yes, I will forget you."***

Verduidelik en bespreek die volgende in 'n mini-opstel van een bladsy (ongeveer 300 woorde):

- Waarom is hierdie woorde gesê en in watter konteks?
- Hoe kragtig weerspieël dit die kernboodskap van jou drama?
- Skep dit 'n beter begrip van die dramaturg se bedoelings of nie? (15)

[55]

110 punte

IEB Copyright © 2021

AFDELING B OPSTEL

VRAAG 3

Hierdie afdeling ondersoek TWEE van die volgende voorgeskrewe tekste:

- ***The Caucasian Chalk Circle* – Bertolt Brecht**

  EN

  EEN van die Suid-Afrikaanse Teater-tekste hieronder:

  - ***Sizwe Banzi is Dead***
  - ***The Island***
  - ***My Life***

Beskou die volgende:

> ***"PROTESTEATER …* word gewoonlik verwisselbaar gebruik met terme soos *agitprop, politieke teater, uitdagingsteater, vasberadenheidsteater, weerstandsteater, getuienisteater, teater as wapen, alternatiewe teater* en dit verwys na alle soorte teater wat gebruik word om teen politieke en ekonomiese onregverdigheid en sosiale euwels* protes aan te teken en kan beskou word as dat dit opstand en optrede aanhits*."**

[Bron: <http://esat.sun.ac.za/index.php/Protest_theatre>]

*** euwel – kwaad, onheil**
*** aanhits – om aan te moedig, op te wek of wakker te maak**

Bespreek, in 'n goed gestruktureerde opstel van 2–3 bladsye (ongeveer 600–650 woorde), of die twee dramas wat jy bestudeer het, as voorbeelde van *protesteater* beskou kan word of nie.

Gebruik die volgende aspekte om jou bespreking te rig:
- styl
- sosiopolitieke temas
- karakters

Ondersteun jou bespreking volledig met goeie, toegespitste verduidelikings en relevante voorbeelde uit elke drama.

[10 punte: struktuur van opstel + 30 punte: inhoud van opstel]

40 punte

Totaal: 150 punte

IEB Copyright © 2021